I N D E P E N D E N T

C O R P O R A T E R E C O V E R Y A D V I S O R S

Independent Trustees (Eiendoms) Beperk (Reg Nr 2002/025164/07)
Blaauwklipkantoorpark Blok 2 Webersvalleiweg Jamestown
Stellenbosch 7600 (Ook te Roodepoort)
Posbus 820 Stellenbosch 7599
Telefoon: (021) 880 5400
Internasionaal: (+27) 21 880 5400
Faks: (021) 880 5430
Webadres: www.corprecover.co.za

U Verw:

Ons Verw: **RYNETTE PIETERS**

Direkte Lyn: **021 880 5400**

Direkte Faks: **021 880 5430**

Selfoon:

Direkte E-pos: **rynettep@corprecover.co.za**

Datum: **16 Oktober 2009**

AAN ALLE BELEGGERS & KREDITEURE

Geagte Meneer/Dame

INSAKE : BIZ AFRICA 1332 (EDMS) BEPERK h/a KINGS FINANCIAL HOLDINGS (EDMS) BEPERD ("IN LIKWIDASIE") EN FILIALE ("DIE GROEP")

1. Ons verwys na die bogemelde aangeleentheid en na vorige kommunikasies.
2. Na aanleiding van wat in ons vorige omsendskrywe genoem was en ten einde beheer van al die maatskappy in the Groep te neem is die volgende entiteite tot op hede in likwidasie geplaas:

BOEDEL	MEESTER'S VERW	ONTWIKKELING	STAD
Biz Africa 1332 (Pty) Ltd t/a King Financial Holdings	C721/09		
Edrei Investments 4 (Pty) Ltd	C760/2009	Erf 2906, Port Elizabeth, Eastern Cape	
Edrei Investments 7 (Pty) Ltd	C761/2009	HUNTERS RETREAT: Erf 2411, 2410 en 2659, Port Elizabeth, Eastern Cape	PORT ELIZABETH
Edrei Investments (Pty) Ltd	C767/2009		

Octocon Civils)Pty) Ltd	C768/2009	Erf 1126, Irene, Gauteng Erf 870, 9111, 9163, 9164, 867, Wellington Office Unit 11, Kings Place, Western Cape Erf 11740, Russelstraat 47, Worcestor Unit 40, Queens Terrace, Western Cape Unit 3, 5, 6, 7, 8, Office Park, Tswane STORAGE SPOT N7	VARIOUS
A & S Makelaars (Pty) Ltd	C769/2009	Welgedagt Farm, Portion 1 farm 1508	
RZT Zelpy 4615 (Pty) Ltd	C775/2009	MILKWOOD: Erf 15293, Uitenhage, Eastern Cape	UITENHAGE
RZT Zelpy 4616 (Pty) Ltd	C776/2009	ERF 98: Portion 98 of farm 496, Gauteng	MIDRAND
Redlex 330 (Pty) Ltd	C778/2009	BAINSKLOOF ESTATE: Portion 2, 4, 5-25 farm 1364, Western Cape	WELLINGTON
Kingvest 4 (Pty) Ltd	C779/2009	CARLSWORLD 90: Portion 90 Farm 406, Gauteng	MIDRAND
Kingvest 2 (Pty) Ltd	C808/2009	STORAGE FIN: 536 Units	
RZT Zelpy 4613 (Pty) Ltd	C809/2009	ARLINGTON: Erf 1953, Port Elizabeth, Eastern Cape	PORT ELIZABETH

Alto Enterprises (Pty) Ltd	C810/2009	Malan 1 ,2, 3, 5, 6, 7, 10, 13,, Wellington Kings Place 1, Paarl Erf 14929, Stellenbosch Unit 41, 29 Olive Park, Western Cape Unit 29, 31 Village Lane, Western Cape Unit 7, The Dene, Port Elizabeth Erf 6459, Langebaan, Western Cape Unit 17, Manhattan Park, Western Cape Erf 1132, Bainstraat 73, WEllington Erf 20488, Kuilsrivier, Western Cape Erf 33610, 33614, 33643, 33581, Strand Kings Village, 22, 103, 206, 213, 1, 12, PE	VARIOUS
Edrei Investments 5 (Pty) Ltd	C811/2009	Erf 683 en 684, Durbanville, Western Cape	DURBANVILLE
RZT Zelpy 4573 (Pty) Ltd	C819/2009	SCHONENBERG: Erf 16450, Somerset West, Western Cape	STRAND
Kingvest 1 (Pty) Ltd	C820/2009	MONATANA: Montana Agricultural Holdings 132 and 133	PRETORIA
RZT Zelpy 4619 (Pty) Ltd	C821/2009	HERITAGE HILL: Erf 927, 1087, 1080 en 1082, Tshwane	EKURHULENI
RZT Zelpy 4617 (Pty) Ltd	C830/2009	RANDJEPARK: Erf 316, Randjepark, Gauteng	MIDRAND
RZT Zelpy 4614 (Pty) Ltd	C831/2009	WATERKLOOF Erf Portion 27 of farm 378, Twane	CENTURION
Edrei Investments 3 (Pty) Ltd	C849/2009	Erf 3764, Bellville, 255 Durban Road	BELLVILLE
Edrei Investments 1 (Pty) Ltd	C850/2009	Erf 36153, Goodwood, Western Cape	GOODWOOD
Greendot Storage (Pty) Ltd	C851/2009	N7 STORAGE: Portion 3 Farm 214	CAPE TOWN
Edrei Investments 9 (Pty) Ltd	C852/2009	KINGS TERRACE: King Terrace, Port Elizabeth	WALMER
Edrei Investments 12 (Pty) Ltd	C853/2009	Erf 3342, East London, Eastern Cape	EAST LONDON

Edrei Investments 2 (Pty) Ltd	C866/2009	Erf 7248, 7319, 8319, 8099, 15654, 754 en 899, Durbanville, Western Cape	DURBANVILLE
Edrei Investments 15 (Pty) Ltd	C872/2009	Erf 49568, Vacant Land	
Edrei Investments 13 (Pty) Ltd	C873/2009	Erf 1290, Pretoria, Gauteng	GAUTENG
Autumn Star Trading 96 (Pty) Ltd	C910/2009		
Kingvest 3 (Pty) Ltd	C911/2009	Erf 5656, Pietersburg, Polokwane	POLOKWANE
Edrei Property Finance Ltd	C938/2009		
Kingvest 7 (Pty) Ltd	C912/2009		
King Health Holdings (Pty) Ltd	C957/2009		
Zelpy 4618 (Pty) Ltd	C822/2009	OLIEVENZICHT KOSMOSDAL	CENTURION

3. Ons doen ‘n beroep op skuldeisers en beleggers wat nog nie hulle eise ingedien het nie om die bogemelde lys na te gaan en eisvorms van die volgende internet address te verkry en in te dien:
   http://www.corprecover.co.za/PDFFiles/claim.pdf
4. Telefoniese navrae met betrekking daartoe mag ook gerig word aan die Kingfin kantore in Wellington by (021) 864 2136. U mag met die volgende persone in verbinding tree:
   4.1. Surika Van Rooyen – epos : surika@kingfin.co.za of
   4.2. Carien Bruwer – epos: cbruwer@kingfin.co.za

5. Die voorlopige likwidateurs het hierdie personeel in diens geneem om beleggers en skuldeisers van hulp te wees met die voltooiing van eisvorms en om enige navrae met betrekking daartoe te hanteer.
6. Die gesamentlike voorlopige likwidateurs is alreeds deur ‘n hele aantal partye genader wat belangstelling toon om ‘n reëlingskema of kompromie ingevolge Artikel 311 van die Maatskappyewet 61 van 1973 ten aansien van sekere enkele maatskappye of ‘n aantal maatskappye in die Groep voor te stel. Daar was ook sekere partye wat belangstelling toon in sekere spesifieke bates. Die besonderhede van alle sodanige partye word op ‘n databasis aangeteken en alle belangstelling wat getoon word, word ernstig opgeneem

deur die voorlopige likwidateurs. Alle voorstelle wat tot die voordeel van skuldeisers sal wees sal oorweeg word.

7. Dit is te vroeg in die proses vir die voorlopige likwidateurs om stukkies inligting aan belangstellende partye te stuur soos sulke belangstellendes die voorlopige likwidateurs nader. Dit sou ook nie behoorlik wees om partye wat omsigtigheidsondersoeke wil uitvoer toe te laat om dit te doen nie aangesien die voorlopige likwidateurs self eers besig is met die proses om presies daardie inligting wat enige voornemende aanbieder benodig te bepaal alvorens sodanige aanbiedinge gemaak kan word. Met betrekking tot die eise van beleggers ondersoek ons die aangeleentheid voortdurend. Die aandele-registers word op datum gebring en regsadvies word ingewin ten aansien van beleggers se eise. Dit blyk byvoorbeeld uit aanvanklike ondersoeke dat sekere beleggings verkeerdelik toegedeel was en dat sekere beleggers se beleggings aan sekere beleggings toegedeel was sonder hulle toestemming. Dit wil ook voorkom asof ‘n aantal beleggers nooit aandeelsertfikate ontvang het nie.
8. In elkeen van die bogemelde entiteite is ‘n verteenwoordiger van beide Sanek en ons firma aangestel as voorlopige likwidateur.
9. Die administrasie in die **Edrei Investment** aangeleenthede, **Kingvest 2 (Pty) Limited** en **Autumn Star Trading (Pty) Ltd (‘King Property Finance”)** word deur Sanek Trust hanteer. Die likwidateurs van Sanek wat die administrasie hanteer is Mnr Stephen Gore, Mnr Trevor Glaum en Mev Darusha Moodliar. Hulle telefoonnommer is 021 418 4010. Hulle maak gebruik van die dienste van Hermans and Roman Property Solutions, nie alleen om die geboue wat inkomste genereer te administreer nie maar ook om die maandelikse huur te vorder, die geboue te onderhou en toe sien dat die geboue behoorlik verseker is.
10. Die res van die **Kingvest aangeleenthede** word deur ons firma hanteer. Die Likwidateurs wat die aangeleenthede hanteer is Mev. Rynette Pieters en Mnr J F Klopper. Hierdie maatskappye se bates bestaan hoofsaaklik uit kaal grond wat in die begin fase van ontwikkeling is. Die voorlopige likwidateurs ondersoek die posisie ten aansien van elke stuk grond afsonderlik en sal besluite neem indien ten minste 85% van die dienste per erf voltooi is en sal saam met kenners besluit of dit finansiëel die moeite

werd is om dit te voltooi sodat net die beste waarde gerealiseer kan word ter voordeel van krediteure en beleggers.

11. **Octocon Civils (Edms) Beperk** en **Alto Enterprise (Edms) Beperk** se bates bestaan uit geboue en woonstelle wat verhuur word en die huur word gevorder. **A & S King Makelaars (Edms) Beperk** het al die voertuie en los bates in die Groep besit.

12. Die leningsrekeninge tussen die maatskappe word ondersoek saam met rekenkundige personeel en welke lenings deeglik nagegaan sal word deur die likwidateurs.

.

13. Die administrasie in die **Zelpy maatskappye** word ook deur ons firma hanteer. Die bates van die maatskappye bestaan uit half ontwikkelde of gedeeltelik klaar residensiële eiendomme. Die waarde van elke eiendom word bepaal ten einde die likwidateurs in staat te stel om die korrekte besluite te neem ten aansien van die tegeldemaking teen die beste waarde vir krediteure en beleggers.

14. Omsendskrywes wat die bates en laste van elke maatskappy uiteensit sal binnekort aan beleggers en krediteure van elke sodanige maatskappy gestuur word.

15. Die voorlopige likwidateurs sal ook binnekort oorweeg om ‘n Hofaansoek/e te bring ten einde hulle in staat te stel om met ondervragings ingevolge Artikel 417 van die Maatskappyewet te begin vir die ondervraging van getuies om die sake van die verskeie maatskappye in die Groep te ondersoek en ten einde vas te stel of daar enige gronde is om sekere partye persoonlik aanspreeklik te hou en die moontlikheid van verdere vorderings te bepaal.

16. Die Engelse weergawe van die omsendbrief kan van ons webblad verkry word of op versoek by Tel 021-864 2136.

Die uwe
INDEPENDENT TRUSTEES (EDMS) BPK

RYNETTE PIETERS